

Paradyshuwelik

Van ons Ou Testament Redaksie

EDEN. – Die heel eerste huwelik ooit is vandag hier voltrek toe Adam en Eva deur God in die huwelik bevestig is.

Op 'n lieflike lenteoggend het God vir Eva met sy eie hand na Adam gebring. Adam, wat tot vanoggend nog baie eensaam was, was oorstelp van blydschap toe hy haar sien. Hy het op die daad 'n minnelied spesiaal vir haar gekomponeer – waarskynlik die heel eerste lied wat op aarde opgeklink het.

Vir die geleentheid was Eva deftig uitgedos met eksotiese blommekranse, en 'n spierwit lelie in haar hare.

Antropoloë is dit eens dat die huwelik altyd 'n integrale deel van die samelewing sal wees, nie net omdat so 'n permanente verbintenis tussen 'n man en 'n vrou baie bevredigend behoort te wees nie, maar veral omdat dit deel is van God se goeie skeppingsorde. 'n Woordvoerder wys daarop dat die huwelik in die hemel self bedink is toe God gesien het dat Adam baie alleen is. Daarom het God Eva vir hom gegee as 'n helper en maat, sodat hulle twee saam deur die lewe kan gaan, mekaar kan ondersteun en kan liefhê en gelukkig kan wees.

Dit is seker nog te vroeg om te voorspel, maar as 'n mens enige iets kan aflei uit die sterre in die bruid en bruidegom se oë vanoggend, het God hier met 'n wenresep vorendag gekom.

- Lees meer hieroor in [Gen. 2: 15-25](#).

WYN UIT WATER!

Van ons Nuwe Testament Redaksie

KANA. – 'n Bruidegom is vandeeweek hier uit 'n groot verleentheid gered toe dit so jolig op sy bruilof gegaan het dat sy wynvoorraad skoon opgeraak het. Een van die gaste, 'n jong rabbi met die naam Jesus, het tot sy redding gekom toe hy nog wyn gemaak het uit die reinigingswater wat in klipkanne in die portaal gestaan het. Gaste raak liries oor die “lekkerste wyn wat ons nog ooit geproe het”.

Die rabbi wou nie kommentaar lewer nie, maar sy moeder, Maria van Nasaret, sê dat hy 'n baie besondere man is wat van God gestuur is. Sy het gesê dit was net sy eerste wonderwerk, en dat groot dinge nog van hom verwag kan word.

- Lees meer hieroor in [Joh. 2:1-12](#).
-

Om oor na te dink

Een van die grootste wonders wat God in die skepping ingebou het, is die wonder van die huwelik en huweliksliefde. Want die huwelik is nie ons eie uitvindsel nie, en huwelikstrou nie ons eie prestasie nie – dit is guns Gods. En enige een wat die voorreg het om getroud te wees, sal weet watter groot guns dit is.

Dit is van die begin van die skepping af duidelik dat die huwelik vir God 'n saak van erns is. Daarom dat Hy self direk by Adam en Eva se huweliksluiting betrokke is. En as Jesus eeue later op aarde wandel, is dit nie toevallig nie dat sy heel eerste openbare optrede, die wonderwerk by Kana, juis ook by 'n huwelikseremonie plaasvind. God gee om vir ons huwelike!

Dit gee ons mos nuwe moed vir ons eie huwelike! In 'n wêreld waarin die huwelik in diskrediet geraak het, waar alles rondom ons skreeu dat dit 'n uitgediende instelling is, kan ons met vertroue aan ons eie huwelike voortbou. Dit is immers nie net vir ons belangrik nie. Dis vir God belangrik.

Werk elke dag aan jou huwelik. Dit is kosbaar. Of, as jy nog nie getroud is nie, bid nou al vir die regte lewensmaat. God het self Adam se lewensmaat uitgesoek – Hy wil joune ook uitsoek. Gee Hom die kans.